**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

FERDINAND POSTMA BIBLIOT

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

**ENBRITE ELEKTRIESE MPY. (Edms.) Bpk.**
**Von Wiellighstraat 9B, POTCHEFSTROOM.**
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
**Telefoon: 6213**

JAARGANG XXII — WOENSDAG 15 MAART 1967 — No. 6

# REKORD-VERKOPE VAN PUKKIE WORD BEOOG

**'n REKORD-Pukkieverkope word vir vanjaar in die vooruitsig gestel, het mnr. Bertie Fourie, hoofredakteur van Die Pukkie, in 'n onderhoud gesê. Waar verlede jaar 25,000 eksemplare van Die Pukkie versprei is, is daar vanjaar 30,000 gedruk.**

**'n Prys van R10 word uitgeloof aan die koshuis wat die meeste eksemplare verkoop, verhoudingsgewys bereken. Daar sal moontlik ook 'n individuele prys van R3 wees.**

Daar sal Saterdag nege busse vertrek na Pretoria, die Rand en Bloemfontein. Vir die eerste keer sal daar ook 'n bus na Kimberley gaan. Verder sal twee Pukke van Huis Rus op eie koste per motor na Stellenbosch reis met 15,00 Pukkies. (Mnr. Fourie sê dat ander wat in so 'n reis belangstel, nog geleentheid daartoe het).

Daar sal ook eksemplare by Oudstudentsaamtrekke op Bloemfontein en in Noord-Kaapland verkoop word.



MNR. BERTIE FOURIE
(Foto: Fotokuns)

Daar sal ook propaganda vir die Pukkie-verkope gedoen word. Vrydag sal n eksemplaar na Fanus Rautenbach bekende omroeper van die S.A.U.K. gestuur word, terwyl in Bloemfontein ook 'n Pukkie aan die S.A.U.K. oorhandig sal word.

KUNSTENAARS

Die hooffiguur van vanjaar se uitgawe van Die Pukkie, dra die naam van Flebie die Marsman. Die voorbladontwerp is gedoen deur mnr. Lood Dercksen. Mnr. Derius Erasmus is ook een van die kunstenaars. Verder verskyn enkele tekeninge van mnr. Koot Reinecke oud-redakteur van Die Wapad.

**„Ek hoop op almal se samewerking. Ek wil veral die seniors vra om te help met die verspreiding in Bloemfontein en Kimberley se rigting," het mnr. Fourie gesê.**

## Prof. De Klerk lewer rede

Die hoof van die departement Etiek en Logika, Prof. W. J. de Klerk, lewer eerskomende Vrydagaand om 7.00nm. sy inougurele rede in die Konservatoriumsaal in Van der Hoffweg. Prof. de Klerk se rede sal handel oor „Studentevorming".

## Korpssimposium goed bygewoon

Korps Veritas Vincet het Donderdagaand 'n geslaagde eerste vergadering van 1967 gehou. By die geleentheid is 'n simposium oor die onderwerp „Christelike Evolusie" gehou. As sprekers het opgetree Proff. S. du Toit, J. A. L Taljaard en P. J. Botha, onderskeidelik hoogleraars in die vakke Ou Testament, Wysbegeerte en Plantkunde aan die Teologiese skool en die P.U.

BEMOEDIG

'n Lid van die Korpsbestuur het aan Die Wapad gesê dat hulle bemoedig is deur die mooi opkoms en die hoop uitgespreek dat ook die ander vergaderings wat beplan word goed bygewoon sal word.





**'n Groep kamerade wat by die simposium oor die invloed van Kommunisme op „Folksing" wou infiltreer.**
**(Foto: Fotokuns).**

## *Rektor onthaal sakemanne*

'n Groep sakemanne van Stilfontein besoek die universiteit vandag as gaste van die rektor, Prof. Bingle. Hulle word om 2.00nm. in die Frans du Toit-gebou verwelkom, waarna hulle op 'n besigtigingstoer deur verskeie departemente geneem word. Vanaand word hulle saam met hulle gades deur die rektor en mev. Bingle op 'n skemerparty onthaal.

## In Memoriam

**Mev. Anna Schoeman, eggenote van die Registrateur van die P.U. vir C.H.O. het heengegaan. Die skok van die berig wat ons vroeg die oggend van 7 Maart 1967 bereik het. het in steeds wyer wordende kringe gegolf.**

**In die fleur van haar lewe het sy haar eggenoot en kinders ontval. Saam met die familiebetrekkinge treur haar vriende, die Universiteit. die plaaslike gemeenskap en Universiteitskollegas van die Registrateur oor die hele land.**

**Anna Schoeman was 'n gelowige Christin, 'n nederige roepingsbewuste mens wat benewens haar pligte as vrou en moeder in haar huis, haar eggenoot op beskeie, maar uiters bekwame wyse ter syde gestaan het in sy verantwoordelike werk. Daarby het sy nog tyd gevind om aktief op haar eie na buite te werk in die sakewêreld en te dien in verenigings van haar keuse. Sy was hartstogtelik lief vir blomme wat sy met sorg kon kweek en met smaak kon rangskik.**

**Haar vriende het Anna Schoeman geken as 'n gasvrye, vriendelike en eerlike mens. Met haar het jy altyd geweet waar jy staan.**

**Ons dank God vir haar lewe en werk en berus gelowig in Sy Raadsbesluit. Ons bede is dat Hy ook weer die diep wonde wat haar heengaan nagelaat het sal salf met Sy vertroostinge en genade.**

**C. J. H. SCHUTTE**

# KOSHUISBESTUURDER IS AANGESTEL

**„Ons het groot toekomsplanne wat betref die beheer van die Universiteit se koshuise; ongelukkig is die finansiële aspek weer die st remmende faktor," het die nuut-aangestelde koshuisbestuurder van die P.U., mnr. W. J. Coetzee, verlede week in 'n onderhoud gesê.**

Mnr. Coetzee het aan die einde van 1948 aan die Piet Potgieter-Hoërskool gematrikuleer, en was vanaf begin 1949 vir agt jaar verbonde aan die Departement Bantoe-Onderwys in Pretoria. In die begin van 1953 aanvaar hy 'n betrekking aan die Universiteit van Pretoria en skryf terselfdertyd in vir die B.Comm-graad aan die buitemuurse afdeling van genoemde universiteit. Hy behaal opeenvolgens die B.Comm.-graad in 1959 en die Meestersgraad in Bedryfsadministrasie aan die einde van 1961.

TOER

Gedurende Oktober 1962 word hy deur die Universiteit van Pretoria op 'n toer na die verskillende universiteite en kolleges gestuur om 'n studie van voedselvoorsiening op groot skaal en koshuisadministrasie in die algemeen te doen. Op 1 Januarie 1963 word hy aangestel as koshuisbeampte aan die U.P. welke betrekking hy tot 31 Januarie 1967 beklee het.

SPYSKAART

**Van die veranderings wat mnr. Coetzee beoog, is o.a. die modernisering van die toerusting in die koshuiskombuise, 'n verandering in die aankope-sisteem van veral voedselvoorrade en die daarstelling van 'n standaardspyskaart vir al die koshuise. Laasgenoemde is al reeds in werking op 'n vyfweekse basis, d.w.s. elke sesde week begin die spyskaart weer van voor af. Met behulp van rantsoenskale sal ook gepoog word om die hoeveelheid voedsel wat in die koshuise bedien word, te standardiseer.**

Op 'n vraag in watter opsigte hy dink die P.U. se koshuise bo ander inrigtings s'n uitblink en op watter gebiede daar 'n agterstand in te hale is, wou mnr. Coetzee geen kommentaar lewer nie.

# SWEED KOM OP P.U. NAVORSING DOEN

**'n Sweedse student Per Olof Ljungstöm is tans as sistent in die Instituut vir Dierkundige Navorsing van die P.U. waar onder leiding van prof. P. A. J. Ryke gewerk word aan die klassifikasie, verspreiding en ekologie van die Suid-Afrikaanse erdwurm.**

Die agtienjarige Per Olof wat in Stockholm gebore is, het 'n vroeë belangstelling getoon in krewe en krappe voordat hy op erdwurms begin konsentreer het. Reeds op veertienjarige leeftyd het hy begin met navorsingswerk oor die erdwurm in die Museum vir Nasionale Geskiedenis in Stockholm waarvoor hy 'n beurs van die Lund Universiteit ontvang het. Sy eerste wetenskaplike artikel is in 'n wetenskaplike tydskrif gepubliseer toe hy vyftien jaar oud was. Sedertdien het verskeie van sy artikels in wetenskaplike tydskrifte verskyn.

Sy „Wanderlust" het hy uitgeleef tydens 'n toer deur Noord-Afrika in 1965 — die geld het hy bymekaargemaak deur koerante in Stockholm te verkoop In Israel het hy in 'n kopermyn gewerk en in Egipte moes hy as deel van sy wedervarings ses uur lank in 'n tronk deurgebring. (Dit was 'n koele ontvlugting uit die Egiptiese hitte).

Met geld wat hy verdien het deur in 'n poskantoor te werk, toer hy in 1966 deur Noord-Afrika en besoek Senegal, Zambië en Mali.

Per Olof sal in Potchefstroom sy matriekeksamen aflê met Frans as tweede taal en sal sy stokperdjie — fotografie — op Suid-Afrikaanse bodem beoefen.

## IS GEKIES

**Twee hoogleraars aan die P.U. is in uitvoerende poste op die Stadsraad van Potchefstroom gekies. Prof. H. L. Swanepoel is eenparig as burgemeester herkies terwyl prof. J. H. Grobler gekies is as voorsitter van die bestuurskomitee.**

## *Wapad verskyn..*

Die volgende uitgawe van Die Wapad sal, met die oog op die vakansie op Woensdag 12 April verskyn.

## DAMES KAN 'N PRYS WEN

In 'n kennisgewing wat verlede week deur die registrateur uitgereik is, word inwoners van die dameskoshuise uitgenooi om voorstelle in te dien vir 'n naam vir die nuwe dameskoshuis wat op die oomblik noord van Dawie du Plessishuis opgerig word (Huis Rus). Voorstelle kan tot en met 12 April ingedien word en 'n bedrag van R20.00 sal betaal word aan die voorsteller van die aanvaarde naam.

*Agente vir:*
INNOXA COTY
VITAMOL
Besoek ons uitgebreide
GESKENKEAFDELING
**DIE BULT-APTEEK**
Tomstraat 88b & c — Tel. 5943
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



**J HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
**Kerkstraat 48 — Tel. 5319**

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

Ruikers vir alle geleenthede
**BOUQUET**
**BLOEMISTE**
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

**GROSVENOR MOTORS**
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
**(EDMS.) BPK.**
**Kerkstraat 118**
**Potchefstroom**
**TELEFOON: 3237**

**die WAPAD**

WOENSDAG 15 MAART 1967

# SKAKELTOER

Met die beoogde skakeltoer het die Studenteraad van die P.U. die voortou geneem ten opsigte van skakeling met die Engelse universiteite van ons land.

Natuurlik is daar reeds pogings in die verband aangewend, ook deur die P.U., maar veel positiewe resultate is nie opgelewer nie. Verhoudinge tussen Afrikaanse en Engelse universiteite is deur die antagonisme tussen Nusas en die A.S.B. eerder vertroebel as verbeter.

Dit is in die situasie van verkoelde verhoudinge, waar reeds enkele stemme opgegaan het vir beter betrekkinge, ook van die kant van Engelse universiteite, dat die P.U. die eerste daadwerklike poging aanwend wat tot 'n deurbraak kan lei.

Dit sou dwaas wees om te veel te verwag van so 'n kort toer. Tog kan die eerste kontakte gelê word. Punte waar gemeenskaplike belang gevind word, kan die basis vorm vir nouer kontak. Indien die ander universiteite die P.U. se voorbeeld volg, kan dit lei tot 'n veel intensiewer en so ook nouer kontak.

Dit is te hope dat die nuwe poging nie skipbreuk sal lei deur die kwessie van die nie-blankes aan die Engelse universiteite soos wat in die verlede die geval was nie. Met die vorm van skakeling wat nou beoog word, kan, met aanwending van takt van albei kante, dit nie 'n probleem wees nie. In elk geval sal die P.U. hom nie van stryk laat bring deur pogings wat die kwesbare punt wil gebruik om beter verhoudinge in die wiele te ry nie.

Indien die toer suksesvoi is kan ons hoop dat die P.U. ook wat betref skakeling met nie-blanke universiteite die leiding sal neem. Ook daarheen wil ons ons beginsels uitdra.

Vir die P.U. is skakeling met ander universiteite in ons land nie maar net 'n lofwaardige daad nie; dit is 'n noodsaaklikheid. Vir die P.U. met sy Christelike grondslag bly dit 'n roeping om sy beginsels uit te dra oral waar hy kan. Daarom kan die P.U. hom nooit te trots voel om die eerste te wees wat die hand na ander uitsteek nie.

Deur kommunikasie met ander beskouinge dra die P.U. ook nie alleen sy Christelike beskouing uit nie, maar word sy beginsels getoets om sodoende sy eie oortuiging te versterk.

# STUDENTEPRET

Die Pukkie-verkope wat aanstaande Saterdag plaasvind kan gesien word as die oorblyfsel van tipiese studente-instelling, 'n dag van uitbundige studentepret.

Reeds in die Middeleeue is dae van sulke studenteplesier bekend. Aan die universiteite van Europa is lang tradisies gevorm van dae waarop die student hom heeltemal oorgee aan allerlei vorme van tipiese studentepret.

Ook in Suid-Afrika is die tradisies nie onbekend nie.. Dit wil egter voorkom of daar vandag 'n krisis in die gebruik gekom het.

Die mees algemene vorm van die studenteplesierdag, die jool, moes in die jongste tyd kwaai kritiek verduur en is by die meeste universiteite afgeskaf. As substitute het gekom kermisse, karnavals ens. Aan die P.U. is die vreugdedag drie jaar gelede afgeskaf.

Die stappe is nie om dowe neute gedoen nie. Die plesierdae het meesal ontaard in onoorspronklike, oppervlakkige en soms platvloerse uitspattigheid.

Nou word daar gesukkel om 'n onskadelike vorm van plesier te verkry, Dit lyk nie of daar nog veel werklike plesier oorgebly het nie.

Het die student vandag die werklike plesiermaak verloor? Werklike studentepret moet altyd as 'n ondertoon die inherente intellektuele inslag en milieu van 'n werklike student hê.

Ook op die P.U. is die tekens van gesonde studentejolyt nie talryk nie. 'n Sfeer van gedrukte erns, met 'n mengeling van oppervlakkige vermaak, heers in die meeste P.U.-koshuise.

Besef die P.U.-student sy groot gemis aan gekultiveerde maar ongekunstelde vermaak? Die P.U. as Christelike universiteit moet nie alle plesier en pret wil weer nie; inteendeel, dit moet ook hier die leiding neem.

## REDAKSIE

Hoofredakteur : Pieter de Klerk.
Onderredakteur: Neels Smit.
Tegniese redakteur: André van Jaarsveld.
Nuusredakteurs: Tom Larney — Tel. 2172.
Ben van Jaarsveld — Tel. 2067.
Nuusverslaggewers: Izak Bekker, Ansie Beukes, Piet van Schalkwyk, Dawid van Wyk, Marita Vermaak
Kunsredakteur: Piet Roodt — Tel. 2172.
Kunsverslaggewers: Kobus Coetzee, Marlene Smit.
Sportredakteur: Chris Swanepoel — Tel. 2171.
Sportverslaggewers: Lood Dercksen, Marietjie Swart.
Fotograwe: Leunis van Rooyen, Izak Bekker.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
Advertensiebestuurder: Nic Lessing — Tel. 3827.
Sirkulasiebestuurder: Hans Grobler.

# In U Lig

**Hand. 8:31: „En hy antwoord: hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie?"**
**37: „En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is."**
**39: „en die hoofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis."**

Twee tiperende kenmerke van die jeug is die soeke en die blydskap. Om te soek na kennis, vriendskap, die waarhede van die lewe, ens., en om vol lewenslus en verheug te wees. Hierdie twee kenmerke moet ook tiperend wees van die lewe van elke gelowige.

Die kamerling van Ethiopië het gesoek na die ware weg, die weg wat vrede vir sy siel bring, na die weg van die geloof. Hierdie drang wat deur God in sy hart gelê is, het veroorsaak dat hy sy betrekking, besittings, land en familie agtergelaat het om daardie behoefte te bevredig.

Hy gaan Jerusalem toe om te soek na die weg. Ten spyte van teleurstellings, bv. dat hy as onrein heiden nie die tempel kon binnegaan nie en nie die taal van die profeet kon verstaan nie, soek hy aanhoudend, want hy hou aan met lees.

Sy soektog was nie vergeefs nie, want deur middel van Filippus vind hy Jesus Christus, die Weg en die Waarheid en die Lewe. 'n Heerlike antwoord of resultaat op sy soektog. Dit waarna hy gesmag het, het hy gevind. Hy het rykdom gehad, ook status en sekerlik ook geleerdheid, maar dit het hom geen sielevrede gebied nie; daarom verlaat hy dit en vind hy ook die geloof in Jesus Christus.

Dit veroorsaak blydskap, ware vreugde, kalmte en sielerus; hy vergeet skoon van Filippus en reis die weg van die geloof met blydskap en vrede in die gemoed.

Soek ons ook na die ware weg, die weg wat sielevrede bring, of staan die soeke na kennis en ander dinge voorop? Ondersoek ons die Skrif en belydenisskrifte om sodoende Jesus Christus, wat die ewige weg, die ewige waarheid en die ewige lewe te vind?

Is die van ons wat dit wel gevind het vervul met die blydskap en vreugde en lewenslus wat die kenmerk is van die gelowige?

Ons moet nie die aksente verkeerd lê nie, want die soeke na Christus en die blydskap in die Here word nie deur siekte, of teleurstelling of ouderdom vernietig nie, dit loop deur na die ewige lewe.

# Deur My Lens

In ons idilliese klein akademiese vestinkie, waarin ons vir jare lank heerlik geïsoleer was deur die ommuring van ons konserwatistiese idee van selfbewaring, het mettertyd die reformatoriese strewe van geestelike uitbreiding ontstaan. Hierdie strewe van die owerhede het 'n magtige onstuitbare vloed geword. Die Calvikaan se deure is bruut na buite toe oopgegooi.

Die Studenteraad wil ook by die nuwe patroon inpas. Daar moet aktiewe kommunikasiebande gebou word met die studenterade van ander Universiteite.

Dit was dan die belangrikste agendapunt van die laaste massavergadering. En hierdie vergadering het toe nie die stempel gedra van ouderlinge om 'n sinodetafel nie. Inteendeel.

**SPAR**

Tog was daar wel 'n ouderling bewapen met 'n spar wat bedoel was om tussen die Studenteraad se speke te druk. Die skurwe spar het per ongeluk heel „onchristelik" uit sy hand geval. Dit het byna 'n tweegeveg ten gevolge gehad. Maar, nouja, ons is mos „broers in een enkele oortuiging.

**Intussen is die aanslae van buite ook nog heet en fel. Daarom is dit ons taak om ons heel ewolusionêr te verweer teen die radikale ewolusioniste. Hier gaan dit tog immers om die vermiste skakels wat ons nog vrywaar van sekere familiebande.**

**EWOLUSIE**

Oor 5,000 jaar sal die wetenskaplikes moontlik die ewoluerende verband aantoon tussen die versteende oorblyfsels van 'n meerkat, 'n kat, 'n boskat, 'n rooikat, 'n luiperd tot uiteindelik 'n leeu. As daar dan 'n vae rommeling uit die buik van die aarde kom sal dit dalk klink na 'n lagbui van afgestorwenes uit die eeue tevore.

**In ons verligte eeu, waar kommunisme gesoek word in „folksinging," word daar ook fel kritiek gelewer teen klassieke tragedies wat deur 'n Christelike Universiteit op die planke gebring word. Sal daar hierdie jaar 'n minder verkrampte kans gegee word aan ons Drama-Departement?**

REFLECTOR.

# Ons Flitsgedagte

Taal is een van God se gawes. Taal is die gietvorm van ons gedagtes en daarom openbaar taalgebruik die innerlike wêreld — die orde en diepte van 'n mens.

Daarom is growwe taalverminking 'n simptoom van 'n onverskillige en onverfynde gees. Dit kan selfs onder die kategorie van roepingsversaking geplaas word.

Natuurlik het studente sekere uitdrukkings en segswyses wat taalkundig nié net onsuiwer is nie, maar selfs skrikwekkend. As studentetaal fris, gevat, raak en skeppend is, kan dit gerus maar 'n bietjie „afwyk", maar as dit 'n lui, verbasterde, slordige brousel word, waar elke sin feitlik 'n aaneenskakeling van taalgedrogte word, is dit nie meer snaaks nie, maar afstotend.

Die pleit gaan dus nie om die afskaffing van studentetaal nie, maar om die suiwering van hierdie dialek tot 'n „taal" wat hom hou aan die basiese reëls van Afrikaans.

Baie van die studente-segswyses is Engelse uitdrukkings of letterlike vertalings. Dit mis enige begronding in ons moedertaal.


Sal daar nie 'n groot gees onder die studente opstaan om as taalsuiweraar op te tree nie?

Die beginpunt sou wees om 'n woordelys van die studentetaal saam te stel en na kritiese seleksie en toevoegings te begin om 'n nuwe tradisie te skep — 'n eie tipiese studentetaal, met as basis goeie Afrikaans.

Is dit nie 'n taak wat die A.S.B. kan onderneem nie?

Wm.

# ONS TAAK




# Ons Lesers Skryf

## WAAROM KOS DIE BOEKE TOG SO DUUR?

**Geagte Redakteur, — Ek voel jammer vir die studente wat oor sowat tien jaar hier moet studeer. Hulle sal nou reeds moet begin spaar, want ek kan my kwalik bedink wat hulle aan boeke sal moet spandeer.**

Hiermee rig ek dan my visier op 'n (by die studente alombekende) verskaffer van universiteitshandboeke. Ek wil hul nou nie sonder meer beskuldig dat hulle boeke te duur is nie, maar ek sou graag wou dat hulle 'n paar sakies verduidelik. Mnr. X koop aan die einde van die jaar 'n boek vir R2-65 terwyl die prys vir dieselfde boek die volgende jaar R3-25 is. Dit toon dus 'n styging van 60c binne vier maande. Die R1-04 van die betrokke boekhandel en die 75c van 'n ander boekhandel vir dieselfde boek stem 'n mens tot nadenke.

**MONOPOLIE**

Ek waardeer dit wat die betrokke boekhandel vir die universiteit doen, maar 'n student en fenomenale prysstygings het nog nooit langs dieselfde vuur gesit nie. Kan die boekhandel die hele situasie asb. verduidelik of het hulle agtergekom dat hulle in Potchefstroom die monopolie het vir die verskaffing van universiteitsboeke?

Ek sal graag wil hoor of daar medestudente is met dieselfde probleem.

KOOS VORSTER

## Sal Oppenheimer kanselier word?

Op 30 Maart stem die gegradueerdes van die Kaapstadse universiteit vir 'n nuwe kanselier as opvolger van hoofregter A. van der Sandt Centlivres.

Dit is die eerste verkiesing van die soort aan die universiteit.

Die persone wat benoem is as opvolgende kanselier, is mnr. Leo Marquard, mnr. Harry Oppenheimer en regter Diemont.

# STUDENTERAAD ONDERNEEM SKAKELTOER

**'n SKAKELTOER na ander Suid-Afrikaanse universiteite, sowel Afrikaans- as Engelstalig, word deur die Studenteraad beoog. Dit is op 'n onlangse massavergadering bekend gemaak in 'n verslag wat opgestel is deur 'n komitee uit die Studenteraad.**

**In die verslag word gemeld dat met die ander Afrikaanse universiteite daar, behalwe op A.S.B.-vlak, geen kontak is nie.**

**Oor kontak met Engelse universiteite is gesê: „As uitgangspunt word geneem dat ons as Calvinistiese inrigting soveel besit dat ons dit aan ander moet oordra. Ons doen aan ons beginsels skade as ons dit net vir onsself hou. In ons kontak is ons besig met 'n lang termyn-belegging en die uitdra van ons beginsels is reeds bewys van resultate."**

**GEVAAR**

Die verslag meld dat die gevaar in die verlede was dat kontak nie op 'n afsonderlike wyse gesoek is nie Die Engelse universiteite wou nie skakel indien nie-blankes nie teenwoordig was nie „Ons standpunt is dus dat afsonderlike toenadering gesoek moet word, en nie 'n gesamentlike konferensie nie. Ons beweeg suiwer op universitêre vlak en nie op die terrein van die A.S.B.-Nusas nie."

**BEKENDSTELLING**

Die verslag stel as die doel van die kontak bekendstelling van die P.U. op alle vlakke en kennis neem van gebeurtenisse op ander kampusse.

Nie-blanke universiteite word vanweë die omvang van die toer buite rekening gelaat.

Die toer sal van 5-13 Mei duur. Die universiteite wat besoek word (in volgorde van besoek) is: Bloemfontein, Stellenbosch Kaapstad, Port Elizabeth, Rhodes, Durban, Pietermaritzburg.

Die toergroep sal bestaan uit mnre. W. N Coetzee, A. le R. du Plooy, C. F. C. Coetzee, B. J. de Klerk, J. Schutte, J. P. L. van der Walt en mej. R. de Klerk.

## Colamus skakel met akademie

Tydens 'n vergadering van die Colamus-Studievereniging is daar besluit dat die vereniging voortaan met die Akademie vir Kuns en Wetenskap geaffilieer sal wees na aanleiding van 'n omsendbrief wat van die Akademie ontvang is.

Die vergadering is toegespreek deur Mnr. P. G. Snyman van die departement Perswetenskap, oor die waarde en funksie van kultuurverenigings in ons kultuurmilieu met spesifieke verwysing na die A.T.K.V.

**DIENSSTELLING**

Die onder-voorsitter van die vereniging het tydens die vergadering gesê dat kultuurkunde omskryf kan word as die positiewe (bouende, versorgende) wyse van lewens-indiensstelling deur enkelinge, groepe volke oor verspreide wêrelddele met 'n bepaalde lewenskode en tradisie en 'n daarmee ooreenstemmende toekomsverwagting. Teen die agtergrond hiervan en in die lig van die Skrif, bestudeer die Colamus-studievereiging verskeie kultuursituasies histories, empiries en prinsipieël om so die ware Calvinistiese te ontbloot en te beklemtoon.

## Maatskappy ken beurse toe

Twee beurse van R500 elk is onlangs deur 'n bekende koeldrankmaatskappy aan die P.U. oorhanding vir verdienstelike studente. Die maatskappy ken jaarliks twee beurse aan elk van twee van die agt blanke universiteite toe.

Menere Jan Schutte en Callie Coetzee is deur Prof. S. P. van der Walt — voorsitter van die beurskomitee — voorgestel op grond van hul eerbare verteenwoordiging van die P.U. binne en buite die lesingsaal.



**Die Colamus-Studievereniging is op sy eerste vergadering deur mnr. P. G. Snyman toegespreek. Van regs na links, verskyn mnr. K. Vorster, mej. R. Kilian, en mnr. Snyman.**

(Foto: De Zee)

# Van die Studenteraadstafel

Verslae van twee aspekte van die studentelewe wat die algemene student ten nouste raak, nl. die toekenning van kleure en die oriënteringsprogram, is op 'n onlangse studenteraadsvergadering behandel.

Die Kleurereglement is aansienlik gewysig veral ten opsigte van Buitemuurse Studente. Wat die voltydse binnemuurse student betref bly die kleurvereistes onveranderd, behalwe dat 'n aptekerstudent na 'n jaar opleiding aan die P.U. kleure verwerf mits hy of sy 'n gesertifiseerde bewys lewer dat hy ingeskryf is by 'n gesertifiseerde apteker.

Van Buitemuurse Studente en Studente in die Vaaldriehoek word geen kleurpunt vereis nie en moet slegs in die Studentehandboek-eksamen geslaag het en vir 'n tweede akademiese jaar ingeskryf het.

Persone wie se kleurpunt nie bevredigend is nie, mag eers in hulle derde akademiese jaar kleure ontvang mits hulle reeds in die Studentehandboekeksamen geslaag het.

**ONDERWYSKOLLEGE**

Ter verkryging van 'n oud-Studentekleurbaadjie moet 'n persoon te minste 'n tweejarige diploma, sertifikaat of graad aan die P.U. vir C.H.O. behaal het. Dit bring dus mee dat Studente van die Onderwyskollege wat graad op die Puk geloop het aanspraak kan maak op die oud-Studentebaadjie.

Aan studente wat vroeër 'n graad of diploma aan 'n ander Universiteit behaal het, kan kleure toegestaan word sodra hy/sy in die Studentehandboekeksamen geslaag het. Studente wat vroeër aan 'n ander universiteit ingeskryf was, maar geen graad of diploma verwerf het nie, moet in die Studentehandboek geslaag het, en moet vir sy of haar tweede akademiese jaar aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf wees.

**ORIËNTERING**

Insake die oriëntering van eerstejaars van 8 tot 18 Februarie 1967 is die volgende bevind: Die algemene kennismaking om die kampus, hoewel sonder wanpraktyke, het geen positiewe doel gedien nie. Die sing-songs moet vir die teenwoordigheid van die seniors as minder geslaagd beskou word omdat die eerstejaars nie die liedjies na behore kon leer ken nie.

Die intertees tussen die verskillende koshuise was uiters geslaagd, asook die sportoefeninge in die oggend. Daar is ook bevind dat die Totiussaal nie meer die vinnig-toenemende getal seniors en eerstejaars kan neem nie, en dat dit die oorsaak kan wees vir die mislukking van sekere aksies.

**AKSIES**

Bogenoemde is sodanig aanbeveel; ook die volgende aanbevelings is goedgekeur: Nie al die aande met aksies gevul sal word nie en aksies sekere aande na die koshuise gedesentraliseer sal word. Die Eerstejaars Talentaand verval en aan die A.B.K.K. word opgedra om indien moontlik 'n konsert aan te bied waarin eerstejaar en senior sal optree. Die A.S.B.-vrugtefees sal weer aangebied word.

**Ten slotte is bevind dat van 'n ware gekontroleerde en gedwonge ontgroening beweeg die aksent nou na 'n meer spontane dog goedgeorganiseerde program met radikale wysigings van vorige jare.**

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

Tomstraat 86 Tel. 5474

Mans- en Sportuitrusters

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

VEKA

daarom koop u by ons, die ENIGSTE VEKA-uitrusters in die dorp

# Kuns van Suidwes is bespreek

**IN 'n interessante en insiggewende lesing oor die skilderkuns in Suidwes-Afrika het mnr. N. Roos, dosent in Kunsgeskiedenis aan die P. U. Vrydagaand voor die Potchefstroomse kunsvereniging opgetree.**

**Mnr. Roos het gewys op die historiese verloop van die kuns vanaf 1836 toe 'n begin gemaak is met tekeninge deur sir James Alexander, tot die latere groter onafhankliker kunstenaars soos Jensch, Schreider, Osman e.a.**

„Opvallend is dit dat die meeste kunstenaars uit die Duitssprekende deel van die gemeenskap kom, meestal uit Duitsland self. Hulle kom in 'n laat stadium van hul lewe, sodat hul alreeds oor 'n eie styl beskik, en in 'n mindere of meerdere mate reeds erkenning vir hul werk ontvang het," het mnr. Roos gesê.

Mnr. Roos het verder gewys op die afwesigheid van 'n abstrakte kuns, veral weens die uitgestrektheid van die land, die gebrek aan moderne groot stede; dat die leefwyse oor die algemeen nog eenvoudig is.

„S.W.A. het 'n edel en ongeskonde kuns. En hierdie kuns is net so tydloos as wat die land self is, het mnr Roos ten slotte gesê.

## Bekendes word uitgestal

Na 'n reeks geslaagde uitstallings verlede jaar, beplan die Potchefstroomse Kunsvereniging om vanjaar weer belangrike kunstenaars na Potchefstroom te bring.

UITSTALLING

Die vereniging, onder voorsitterskap van prof. G. Dekker sal probeer om o.a. uitstallings van Audrey Fourie, Greta Boonzaaier en Gordon Vorster se werke te reël. Ook sal daar later vanjaar 'n tentoonstelling van Wes-Duitse kuns plaasvind, terwyl mnr. Roos, dosent in Kunsgeskiedenis, 'n uitstalling van S.W.A.-kuns hier gereël probeer kry.

# TRUK GAAN COPPELIA OPVOER

**Op Donderdag 16 Maart, lewer die balletgroep van TRUK 'n uitvoering van Delibes se ballet Coppelia, in die stadsaal.**

Die verhaal van Coppelia (of die meisie met die glas oë) is ontleen aan 'n vertelling „Der Sandmann" van E.T.A. Hoffmann. Dit was 'n nuwigheid om 'n pop te laat optree, 'n eksperiment wat veel navolging gevind het, veral in Stravinsky se Petrouchka."

EFFEKTIEF

Delibes deel die stof volgens 'n bepaalde patroon in, sodat daar 'n interessante kontraswerking tussen groep- en solodanse ontstaan. Effektief is ook die invoeging van volksdanse, soos bv. 'n Mazurka en 'n Czardas.

VERHAAL

Die verhaal handel oor die jonge Frantz wat verloof is aan Swanilda, maar terselfdertyd ook belangstel in die niggie van die ou instrumentmaker Coppelius wat elke aand voor haar venster sit en lees. Swanilda is jaloers en Frantz ontdek dat die meisie in werklikheid 'n outomaat is. Wanneer hy gaan ondersoek instel word hy deur Coppelius verras en met wyn bedwelm. Coppelius verander Frantz ook in 'n outomaat, maar wanneer hy ontwaak ontvlug hy saam met Swanilda.



'n Onderonsie van lede van die Kehr-Trio en konsertgangers. (Foto: Fotokuns).

# TRIO SE UITVOERING WAS MEESTERLIK

**Die Kehr-strykorkes met Hans Moehring (fluit), het Saterdagaand 11 Maart 'n meesterlike uitvoering van kamermusiek in die Konservatoriumsaal aangebied. Werke van Reger, Sousa, Mozart en Beethoven is aangebied.**

Die program was baie gebalanseerd en het gewissel van die ouere tot die meer moderne tendense in kamermusiek.

Werke wat die meeste beïndruk het, was die kwartet in A-majeur, K.298 van Mozart waar die vier instrumente gesamentlik opgetree het, en die serenade vir strykers van Beethoven. ('n Wysiging op die program).

EENHEID

In eersgenoemde werk met die afwisselende temas en variasies waar elke instrument wisselend die tema aantoon, in die verskillende gedeeltes, is veral getref deur die harmonieuse eenheid, die ligtheid van modulasie en vrolike bewegings.

INTENSITEIT

**Die Beethoven-gedeelte was die hoogtepunt van die aand. Wat intensiteit en gevoeligheid van karakter betref toring dit uit bo die ander werke. Die drie instrumente het saamgesmelt in die swaar akkord-gedeeltes, om in die improviserende daarop die uiterste moontlikheid van vorm en krag te bereik.**

Vir my oordeel is kamermusiek een van die suiwerste vorms in die genre van musiek. Veral dan deur die direktheid, die helderheid van tekstuur en rykdom van melodie. Ek is seker dat die Kehr-trio saam met Hans Moehring een van die hoogtepunte in die aanbieding van meesterkonserte sal bly!

P.H.R.

# KUNSGESELSIE

**Kuns is 'n nors vriend. Om self kuns te skep is nog 'n onvriendeliker taak. Selfs die kunsliefhebber is, vir sommiges, iets wat die honde ingedra het. In ons makgemaakte, skynbaar gekultiveerde, orde flikker en sluimer dit nog op die oppervlakte.**

ALLEMANSVRIENDE

Ons tref hulle op ons kampus aan. Die „lekker kêrels." Die manne met die blink motors; die allemansvriende; die groot demokrate! Met 'n ingebore vrees vir die trots van afsydigheid, vir alles wat groot, gevaarlik en mooi is. Hy haat die ware kuns. Die kuns is sy ontstellende vyand. Omdat die groot kuns oopvliek, openbaar en puur na die hart van die lewe.

POPULARITEIT

**Die bourgeois kultuur die massawaardes, behoort aan hom! Is self deel van hom. Sy enigste nor is populariteit. Luister maar om jou. Die nuutste trefferdeuntjie op die handelsender word geflult, oor die nuutste „lekker" boek word geknipoog, gelag. Die prentjiesverhale vervuil die kamers, kaal noolens pryk op die mure, (!) Kermisliedjies bars in die gange af! En tussenin klink die stem van die aristokraat eensaam, byna verlate, in die groteske dreuning op.**

PELGRIMS

'n Klein groepie pelgrims sit Sondagaande in die **donker** en luister na die „grotes" in die Totiussaal. 'n Paar verdwaaldes gaan na die meesterkonserte in die Konserwatoriumsaal. Maar ons roep saam oor die swak fasiliteite vir groot opvoerings!?

DOOD

**Ons loop tevrede, sekuur, mak en dood in die lewe van elke dag. Die massa praat, en die massa is nooit verkeerd nie. Dit begrens die lewe; hulle is bang vir die volle krag van die emosie. 'n Soort geestelike versigtigheid sluit hulle af. Daarom is hulle gebind in die menings, die waardes van die erkendes, die aansienlikes Massamense: bloed, hompe vleis, bene: 'n siek soogdier!**

ARISTOKRASIE

Tog is hulle deel van ons Is ons deel van hulle. Dis net: geestelike trots, verantwoordelik aristokrasie is 'n suiwer taak, 'n roeping. Om binne te leef, maar jou oog buite te rig op die ewige, geestelike waardes. Dit is geen ydelike verwaandheid nie. Geen selfgenoegsame geloof nie. Maar 'n waaragtige opgaan in die volle lewe. Om te strewe, te soek na die suiwer sin in elke bitter ding is die vergoeding en sintese in die gemaklike lewe van elke dag.

P.H.R.

## Volkspele

**More-aand is daar 'n massavolkspelebyeenkoms. Die Volkspele-bestuur vra dat die hele Puk-massa na die laaste geleentheid van die aard in die kwartaal sal gaan.**

## Oorlogsfilm was boeiend

Die rolprent, „The Blue Max", is verlede week hier vertoon. Bekende akteurs nl.: James Mason, George Peppard en Ursala Andres het in die hoofrolle opgetree.

Dit is ongetwyfeld een van die beste oorlogsprente wat Hollywood tot nog toe die lig laat sien het.

BOEIEND

Uiters boeiend was die wyse waarop daarin geslaag is om 'n deurlopende spanning te handhaaf. Die skrynende oorlogsgeweld, ontwrigting van die mens in die onrus van 'n oorlog en 'n man met 'n fanatieke ideaal om die hoogste roem te verwerf, is deurentyd goed verbeeld.

**Ek ken min rolprente waarin al die elemente van 'n geslaagde oorlogsfilm: liefde, ironie, futiliteitsbesef en 'n blinde drang na selfbehoud so groots aangebied is as juis in „The Blue Max".**

H. J. C.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

*INSLEEP!*

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

JOUBERT MEUBELS

Kerkstraat 201, Tel. 3420, POTCHEFSTROOM.

Vir MODERNE MEUBELS en alle HUISHOUDELIKE TOERUSTING


Ons spesialiseer in die verskaffing van die Jongste Plaat-opnames

Kom besigtig ons groot reeks.

*Met komplimente van*

A J A X (Edms.) Bpk.

BOEKE — SKRYFBEHOEFTES



Die Puk se tenniskampioenskappe was oor die vorige twee Saterdae versprei. Hier is 'n paar van die spelers in aksie. (Foto: De Zee)

# S.A. HEKKIESREKORD IS OPGESTEL

**Eugene Brasler het Saterdag 4 Maart in 'n skitterende poging 'n nuwe S.A. rekord van 10.9 sek. in die 80-meter hekkies opgestel. Sy het die ou rekord met .1 sek. verbeter op die Wes-Transvaalse atletiekkampioenskappe in Potchefstroom.**

Die briljante naelloper van Wits, Paul Nash, het op dieselfde byeenkoms sy beste tyd oor die 100 tree in S.A. opgestel (9.4 sek.) wat terselfdertyd die Wes-Transvaalse rekord met .1 sek. verbeter het. Sy S.A.-rekord wat staan op 9.3 sek., is in Duitsland opgestel. Ook in die 220-tree het Nash vir 'n pragvertoning gesorg toe hy die amptelike S.A. rekord van Judge Jeffreys, wat staan op 20 sek., geëwenaar het. Die tyd van hom is egter nog .2 sek. stadiger as die S.A. rekord wat hy die week tevore twee keer behaal het.

**OPDRAANDE**

In die 100-tree vir mans is Paul Nash opdraande gegee deur die Krugersdorpse atleet Carel Schneider wat tweede was met 9.5 sek. — die beste tyd van sy loopbaan. In die 220-tree was hy ook tweede met 21.3 sek.

Mev. Brasler, die 26-jarige Springbok van Pretoria, het ook die 100-tree gewen met 11.1 sek. toe sy Kesie Cornelissen oortuigend geklop het. Later die middag het sy 'n puik driekuns behaal toe sy die verspring met 18 vt. 8½ dm. gewen het.

**OP DREEF**

Van die P.U. het Rosalie de Klerk die 880-tree vir dames in 2 min. 29.5 sek. gewen. Ook G. Lattgan het in die tweede uitdun van die seuns o/19 100-tree 'n eerste plek verower. Willie Coetzee, wat nou baie mooi op dreef kom, het oor die 120-tree hekkies 'n tyd van 14.1 sek. opgestel, .3 sek. stadiger as sy S.A. rekord.

**Dit is duidelik dat op die byeenkoms puik atletiek gesien is en talle pragprestasies gelewer is. Altesaam vier Wes-Transvaal rekords is verbeter en twee geëwenaar**

# SONDAGKOERANT LOOF BILL SWART-OVAAL

**„'n Atletiekbaan het nog selde in Suid-Afrika soveel lof gekry as Woensdagaand op Potchefstroom nadat een pragprestasie na die ander gelewer is wat onder meer 'n fantastiese 20.5 sek. deur Paul Nash vir die 220 tree ingesluit het," sê Gert le Roux in die Dagbreek en Sondagnuus van 26 Februarie.**

Hy wys daarop dat die spreiligte van die Bill Swart-Ovaal, wat by die geleentheid in gebruik geneem is, teen die minimale bedrag van R6,500 opgerig is. Ook praat hy van die meesterlike wyse waarop bv. ekstra lig op die springplekke gefokus is.

**PAUL NASH**

Tereg beweer hy dat Paul Nash se prestasie alles oorheers het. Sy skitterende tyd van 20.5 sek. is nog net deur vier atlete verbeter. Die vinnigste onder hulle is die Amerikaners Tommy Smith met 20 sek. en Henry Carr met 20.2 sek. Edwin Roberts (Trinidad) en Harry Jerome (Kanada) volg hierna elk met 20.4 sek."

Volgens Gert le Roux meen Danie Burger, die republiek se paalspringkampioen, dat die Amerikaners se fantastiese bane grotendeels bydra tot die uitstekende tye wat hulle opstel en dat dit aan hul die oormaat selfvertroue besorg.

# Oosterhof en Dorp wen interkoshuis-swemgala

**OP die interkoshuisswemgala, Maandag 6 Maart, is weer lustig onder die rekords baljaar terwyl Oosterhof en Dorp weggeloop het met die eerste bekers waarvoor op interkoshuisbasis meegeding is.**

**Dexter White, wat verlede jaar skouspelagtig vertoon het het weereens sy eie P.U.-rekord vir die 33 1/3 treë vlinderslag met 1.2 sek. verbeter asook die 100 tree kruipslag vir mans met 5.4 sek.**

Dan het 'n nuweling, Elsa Myburgh van Oosterhof, gesorg vir 'n verrassing toe sy die 33 1/3 tree rugslag in 25 sek. afgelê het — .7 sek vinniger as die vorige rekord. Nog 'n uitblinker onder die dames was Anna Venter van Klawerhof wat die 100 tree kruipslag asook die 33 1/3 tree vlinderslag in rekordtye gewen het. Haar tye was respektiewelik 1.8 en .2 sek. vinniger as die ou tye. In die 33 1/3 tree borslag het N. Labuschagne, ook van Klawerhof, vir nog 'n hoogtepunt gesorg deur die rekord met 1.4 sek. op te skuif.

Die bekers is toegeken op grond van die punte wat behaal is in die laaste twee galas waarvan die eerste reeds die einde van verlede jaar plaasgevind het. Dorp se mans was met albei geleenthede eerste en hul totale puntestand kom te staan op 269. Oosterhof, wat die eerste gala sonder moeite gewen het, is Maandag kaf gedraf deur Klawerhof maar op die totaal het hul nog voorgeloop met 188

## Puk klop Tuks

**Die P.U. se pluimbalspan het Tukkies Saterdag 25 Februarie, in 'n geskiedkundige eerste wedstryd met 'n beslissende 9 stelle teen 3 geklop.**

Dit is die eerste keer dat twee universiteite 'n pluimbalwedstyrd reël en aangesien die byeenkoms so geslaagd was, is besluit dat dit 'n vaste instelling sal word.

**STERK SPAN**

Afgesien van Tukkies se sterk span wat ongelukkig sonder hul nr. een speelster, Marianne van der Walt moes klaarkom, het die P.U.-span, onder die bekwame leiding van hul kaptein. Vaatjie van der Merwe en met uitblinkers soos Rosalie de Klerk 'n redelike maklike oorwinning behaal.

## Dorp seëvier in krieketwedstryd

Over de Voor moes Saterdag eerstebeurtpunte afstaan in 'n krieketwedstryd teen Dorp. Na byna 'n uur kon Dorp eers daaarin slaag om sy spelers bymekaar te kry. Over de Voor het nogtans ingewillig om die wedstryd om die punte te laat voortgaan. Van Over de Voor se spelers moes Dorp help veldwerk doen.

Over de Voor het eerste gaan kolf en was spoedig in die moeilikheid, veral weens die goeie boulwerk van Willem Kruger. Pierre van Ryneveld het vasgeskop en 'n stewige 44 lopies aangeteken wat Over de Voor se totaal op 53 almal uit, te staan gebring het.

Daarna het Dorp gaan kolf en daaarin geslaag om Over de Voor se eerste beurt totaal met een lopie verby te steek voordat die agt beskikbare spelers almal uit was.

## Over de Voor klop Huis Rus

Over de Voor het op Saterdag 3 Maart daarin geslaag om 'n oorwinning oor Huis Rus in die krieketliga te behaal. Over de Voor het eerste gaan kolf en al sy manne was terug in die pawiljoen nadat hulle 86 lopies aangeteken het.

In sy eerste beurt kon Huis Rus net 40 lopies aanteken voordat hulle almal uit is en hulle is toe aangesê om op te volg. In die opvolgbeurt het die manne van Huis Rus sterk weerstand gebied en dit het gelyk asof hulle daarin sou slaag om 'n nederlaag af te weer. Met nog slegs 3 lopies kort van Over de Voor se eerstebeurt totaal, het Danie Kok daarin geslaag om die laaste man van Huis Rus in die laaste boulbeurt van die wedstryd skoon te boul. Leon de Bruin en Flip Potgieter het vir Huis Rus goeie vertonings met die kolf gelewer.

## Netbalspelers

**Die eerste ledevergadering van die P.U.-Netbalklub sal plaasvind op Maandag 20 Maart om 7.30 nm. in Oosterhof. Alle belangstellendes word uitgenooi.**

# SKERM IS STIEFKIND OP SPORTTONEEL

**Een van die stiefkinders van die moderne Suid-Afrikaanse sporttoneel, wat deesdae baie veld wen, is skerm. Die sport het ontstaan uit die entoesiasme van die Franse, wat nie die wapen uit die romantiese (?) ou tyd van die toneel wou laat verdwyn nie.**

**Die woord „swaard" het hulle soos vandag ook vir ons teruggevoer na die ou Romeine, Vikinge, die „Drie Musketiers" en „El Cid."**

Skerm is in alle opsigte 'n nuttige sport. Dit ontwikkel nie net die liggaam (soos ander sporte) nie, maar verbeter ook die hele houding en gee net soveel bevrediging as enige ander sport. 'n Verdere nut van skerm is dat slegs 'n onderlegde in die sport dinge sal begryp soos in Shakespeare se „Romeo en Juliet" geskryf is: „Tybalt . . . fights by the books of witmatic."

**KAMPIOENSKAPPE**

Die P.U. Skermklub (van ongeveer 30 lede) maak nou vir die tweede agtereenvolgende jaar gebruik van die dienste van 'n opgeleide afrigter uit Engeland mnr Eric Wilson — tans in Stilfontein woonagtig. In die wedstryde van die vorige jaar is mnr. Wilson se goeie werk reeds bewys, en die klub het self 'n span van drie lede na die S.A.-Inter-universitêre Kampioenskappe op Stellenbosch gestuur. Vanjaar sal daar hopelik meer gaan na waar die Kampioenskappe gehou word — waarskynlik Rhodes.

**STUDENTESPAN**

Die Protea-(studente-)span wat in Desember 1966 oorsee was, het baie skermvriende vir S.A. oorsee gemaak en kennis teruggebring wat die Suid-Afrikaanse skerm 'n groot stoot vorentoe sal gee. 'n Hongaarse immigrant prof. Diem (van Pretoria )het verlede jaar vir Suid-Afrika 'n bronsmedalje verower op die Wêreld - Skermkampioenskappe met sy sabel.



Twee Skermspelers in aksie.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria